# Dood van ‘n lid

Wanneer ‘n lid van ‘n aftreefonds te sterwe kom, moet die fondsvoordele deur die trustees van die fonds verdeel word soos voorgeskryf deur die Wet op Pensioenfondse.

## Die trustees van die fonds moet binne 12 maande na dood van die lid vasstel wie die afhanklikes van die lid was. Die Wet definieer die volgende persone as afhanklikes:

- ‘n persoon vir wie se onderhoud die lid regtens aanspreeklik was (bv. ‘n persoon van wie die lid geskei is en aan wie hy/sy onderhoud betaal);
- ‘n persoon vir wie se onderhoud die lid nie aanspreeklik was nie as die persoon:
    - na mening van die trustees tydens die dood van die lid in werklikheid van die lid afhanklik was vir onderhoud;
    - die gade van die lid was;
    - ‘n kind van die lid was insluitend ‘n kind gebore na die dood van die lid, ‘n aangenome kind en ‘n buite-egtelike kind;
- ‘n persoon is vir wie se onderhoud die lid regtens aanspreeklik sou word indien hy/sy nie gesterf het nie.

Die trustees moet ook ‘n begunstigde(s) wat die lid dalk vir voordele benoem het, in ag neem ongeag of die begunstigde in een van die voormelde kategorieë val of nie.

In hulle besluit oor hoe om die fondsvoordele te verdeel, moet die trustees verskeie faktore in ag neem insluitend die volgende:

- die wense van die lid;
- die finansiële status van afhanklikes en begunstigdes;
- die vermoë van die afhanklikes en begunstigdes om in die toekoms inkomste te verdien;
- die mate wat ‘n afhanklike en begunstigde van die lid afhanklik was;
- die ouderdomme van die afhanklikes en begunstigdes;
- die verhouding wat bestaan het tussen die lid en die afhanklikes en begunstigdes; en
- die bedrag van die voordele wat beskikbaar is vir verdeling.

Dit behoort duidelik te wees dat die trustees ‘n baie verantwoordelike en moeilike taak het om ‘n regverdige verdeling te maak van ‘n lid se voordele in ‘n aftreefonds. Lede kan die trustees se taak vergemaklik deur ‘n begunstigde(s) vir voordele op die voorgeskrewe wyse aan te wys en dit aan die fondsadministrateur te besorg.

Kontak u finansiële adviseur of skakel 0860 726 526 of 021 916 5000 vir die toepaslike vorm om ‘n begunstigde by die fonds op rekord te plaas.